# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

18/2026 (Skippertjie nr. 68) 22 Mei 2026

**IN HIERDIE UITGAWE**

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Veiligheid van leerders
2. Enkele belangrike sake
3. Toetsreeks en assessering
4. Koor
5. Redenaars
6. Buite aktiwiteite
7. Rugby- en netbaluitslae
8. Personeelverjaardae
9. Skooltye vir 2026
10. Skoolfonds vir 2026

## UIT DIE KAJUIT

**Regverdigheid:** Ons nuwe waarde vir die kwartaal is regverdigheid (*fairness*). Die kleur wat aan regverdigheid gekoppel word is oranje. Die rede hiervoor is dat dit 'n mens moet laat dink aan 'n lemoen se skyfies wat eweredig verdeel moet word. Ons het ook oranje plakkate in die saal en skoolgange om die kinders te herinner daaraan dat hulle elke dag regverdig moet optree teenoor ander. Regverdigheid kan beskryf word as daardie gevoel diep binne-in ons wat sê dinge moet reg wees. Dit gaan nie net oor reëls volg nie, maar oor hoe ons mekaar behandel, of dit nou in die klaskamer, op die sportveld of selfs aanlyn is. Verder verseker regverdigheid dat almal, ongeag hul agtergrond of wie hulle is, met respek en billikheid behandel word. Baie keer beteken dit om op te staan vir wat reg is, selfs wanneer dit moeilik is. Dit kan wees om op te staan teen boelies, om seker te maak almal kry 'n beurt of om te erken wanneer iemand anders se opinie net so belangrik soos jou eie is. Wanneer ons regverdig optree, bou ons vertroue en sterk verhoudings. Dit help ons om te verstaan dat almal uniek is en hul eie uitdagings het. Om regverdig te wees, beteken ook om die groter prentjie in gedagte te hou, hoe ons keuses ander beïnvloed en hoe ons kan bydra tot 'n meer gelyke en regverdige samelewing. Om almal met dieselfde respek te behandel is 'n manier om regverdig op te tree. Dit moet ons as volwassenes vir ons kinders wys wanneer ons met ander mense te doen kry. Wat geld vir een mens, ook jouself, geld ook vir die ander. 'n Heerlike naweek vir almal.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

**1. Veiligheid van leerders**

U as ouer moet asb. u kind attent maak daarop om die voetoorgange by die skool te gebruik. Gesels asb. ook met u kind oor algemene padveiligheid. Ons versoek ook ouers om stadig en versigtig om die skool te bestuur om ons leerders se veiligheid te verseker – veral soggens wanneer dit nog donker is. Dankie vir almal se samewerking.

**2. Enkele belangrike sake**

- Ons versoek ouers om slegs in noodgevalle leerders vroeg te kom afhaal by die skool. Toestemming moet vooraf per e-pos aan die kantoor gerig word.
- Die kantoor gaan ook nie meer enige items ontvang wat by die huis vergeet is nie. Leerders wat hul goed by die huis vergeet, sal ongelukkig daarsonder moet klaarkom.
- Daar is ook enkele leerders wat laat kom vir skool. Ouers moet asb. toesien dat leerders betyds by die skool is elke dag.

Ons vertrou dat ouers hierdie reëlings van die skool sal respekteer, aangesien dit belangrik is vir die goeie orde en dissipline by die skool. Baie dankie vir almal se samewerking.

***"Live so that when your children think of fairness, caring and integrity, they think of you."***

**Afrikaanse idioom van die week**

**'n Gladde tong hê**

*Vlot en goed praat; mense maklik oorreed of bluf.*

**2026 SKOOLKWARTALE**

**2de:** 8 April – 26 Junie

**3de:** 21 Julie – 23 September

**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

# Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za


## VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 25 Mei: Eisteddfod die week (Dans)
Wo, 27 Mei: Rugby en netbal vs George-Suid (weg)
Vr, 29 Mei: Beloningsdag
Gr RR & RRR Oupa-/oumadag
Sa, 30 Mei: Hokkie: Wesbank-toernooi
Netbal: Eden o/11-proewe




## BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**3. Toetsreeks en assessering**

Die toetsreeks vir graad 4-7 leerders begin op Donderdag, 4 Junie. **Die toetsrooster en leerwerk word vandag via D6 uitgestuur.** Ouers word versoek om seker te maak dat leerders vroegtydig sal voorberei vir elke dag se vraestel. Dit is baie belangrik dat alle leerders elke dag skool sal bywoon. Leerders in die Grondslagfase is ook reeds besig met kwartaalassesserings.

**4. Koor**

Baie geluk aan ons senior koor wat tydens die ATKV Applous-kompetisie, wat in George plaasgevind het, 'n silwer toekenning ontvang het.

**5. Redenaars**

Baie geluk aan Jana Kruger wat deurgedring het na die semi-finaal van die ATKV-Redenaarskompetisie wat op 30 Mei by Hoërskool Nico Malan in Humansdorp plaasvind. Dit is 'n puik prestasie!
Baie geluk ook aan die leerders wat goed gevaar het in ander kompetisies:

- Dewan Hutten – A+ (Oppie-tong-af)
- Amelia Muller – A+ (Oppie-tong-af)
- Lené Venter – A (Radikaal)

100% Parkies

**6. Buite aktiwiteite**

**Gimnastiek:** Tydens die Garden Route invitational kompetisie het twee van ons leerders baie goed gevaar:

- Lua Belstead – silwer medalje
- Sadie Landman – brons medalje

Hierdie twee gimnaste, asook Lisa Prinsloo, gaan op 30 Mei aan die Eden-proewe deelneem. Baie geluk en sterkte!

**7. Rugby- en netbaluitslae**

Uitslae van die wedstryde teen Milkwood Primary was as volg:
**Netbal:** o/9A wen 9-1; o/9B verloor 5-8; o/10A wen 16-1; o/10B wen 5-2; o/11A wen 5-1; o/11B gelykop 6-6; o/12A wen 11-1; o/12B wen 6-4; o/13A wen 28-2; o/13B wen 14-4.
**Rugby:** o/9A wen 30-15; o/9B wen 15-10; o/11B gelykop 0-0; o/11A wen 12-0; o/13B wen 24-0; o/13A – wedstryd afgelas weens veiligheidsredes.
Uitslae van die wedstryde teen Curro was:
**Rugby:** o/11C vs Curro o/11A verloor 12-17; o/13C vs Curro o/13A verloor 0-24.

**8. Personeelverjaardae**

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:
27 Mei: Elné Conradie

**9. Skooltye vir 2026**

Ouers moet asb. seker maak dat leerders elke dag betyds by die skool is:

- Graad RRR, RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2 en 3: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4-7: 07:30 – 14:00 (Vrydae 13:15)

**10. Skoolfonds vir 2026**

Skoolfonds vir 2026 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



# Regverdigheid is die sleutel tot vrede!

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

Karakter is om die regte ding te doen, selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

billikheid konsekwent

onpartydig

eerlik

integriteit objektief

verdraagsaamheid

eerbaar

> Dis altyd die regte tyd om te doen wat reg is.
> ~ Martin Luther King Jr. ~

100% Parkie

WEES WAARDE WENNERS

REGVERDIGHEID

NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST



# HET JY AL GEDINK:

***"My kind sal sê as daar fout is...?"***

**→ NIE NOODWENDIG NIE!**

Jonger kinders *aanvaar* hul visie is "normaal," en weet dus nie dat dit anders moet voel nie.

Ons weet hoe om te toets vir onderliggende probleme, **sonder dat jou kind presies hoef te verduidelik** wat fout is of wat hul pla.

***MAAK SEKER,***
***BOEK 'N OOGTOETS***






**SKAKEL ONS**

044 695 1688 | 066 562 6754 | 19 Ryk Tulbach str, Da Nova

PRESTIGE
AthleKidz

# #BABASQUAD NOU OOK BY

PARK
VOLHARD - PERSEVERE

## GR RR & R

**MAANDAE**

**12:15–13:00**





creating
PERFECTION
with
PASSION









**MARNA**

**083 4994 229**

DIE
# Aalwyn
LAERSKOOL PARK WINKEL

## TYE

### Maandae tot Donderdae
## 12:30 tot 14:15

## ONS VERKOOP

### Trotse Park-produkte en tweedehandse skoolklere.

044-691 1020

www.laerskoolpark.co.za

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

# BAYCO.

## GLASS AND ALUMINIUM

## NOW UNDER NEW MANAGEMENT







We're proud to introduce a new era at **BAYCO Glass and Aluminium** - with renewed focus on quality, reliability, and service you can count on.

**What you can expect:**
- Fast, reliable turnaround times
- Competitive pricing
- Precision workmanship
- Custom glass & aluminium solutions
- Professional installation teams

Whether you're working on residential, commercial or custom projects, we're ready to deliver results that meet your standards.

**Let's build something great together.**





WWW.BAYCO.CO.ZA

082 446 5834 sales@bayco.co.za


Randa Sport
083 390 8000
fb Randa Cycle and Run
Mossel Bay
Jou Hokkie Vennoot!
*Hokkie stokke
*Gloves
*Grips
*Shinguards
*Balls
*Keyrings
*Bags
GRYPHON
15 % Afslag vir alle Parkies !!
UNDER ARMOUR
BROOKS
Marsh Straat 43
( langs OK Minimark)


PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar


SUZUKI
GRAND VITARA
R15 000
DISCOUNT / TRADE ASSIST
SUZUKI Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
75 TAVCOR MOTOR GROUP


SUZUKI
DZIRE
FREE
RADIO, ALLOY WHEELS AND SMASH & GRAB
DZIRE
SUZUKI Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
75 TAVCOR MOTOR GROUP


SUZUKI
FRONX
R15 000
DISCOUNT / TRADE ASSIST
FRONX
SUZUKI Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
75 TAVCOR MOTOR GROUP


SUZUKI
Jimny
5-door
R30 000
ACCESSORIES VOUCHER
Jimny
SUZUKI Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
75 TAVCOR MOTOR GROUP


SUZUKI
SUPER CARRY
R15 000
DISCOUNT / TRADE ASSIST
SUPER CARRY
SUZUKI Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
*Model/s shown may vary from actual stock. T's & C's Apply. E & OE. Tavcor Motor Group (Pty) Ltd, an Authorised Financial Service Provider FSP no 10223.
75 YEARS
TAVCOR MOTOR GROUP